# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (16/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 5 Mei 2017

***"It is the mark of a truly intelligent person to be moved by statistics" George Bernard Shaw***

## SHAFFE SUIDELIKE HALFROND VOORSPELLING

Die Suidelike Halfrond se Vereniging van Varsvrugte Uitvoerders (SHAFFE) het onlangs sy lede se voorspelling van produksie en uitvoervolumes vir 2017 bekend gemaak. Die totale **sitrus uitvoervolumes** vanaf die suidelike halfrond sal na verwagting 6% hoër as 2016 wees en 11% hoër as die afgelope vyf jaar se gemiddelde. **Lemoene** (1,5 miljoen ton) maak die grootste deel van die uitvoere uit en styg met 7,5% teenoor die vorige jaar (alhoewel die SHAFFE-sekretariaat waarsku dat dit kan daal as gevolg van die nawel vrugval in Suid-Afrika). **Suurlemoen-**uitvoere van amper 620 000 ton is 2% hoër as 2016; terwyl **mandaryne** teen 546 000 ton 4% hoër is. **Pomelo's** (240 000 ton) word feitlik net deur Suid-Afrika verskaf, wat amper 14% meer is as 2016 volumes wat deur die droogte beïnvloed is (soortgelyk aan 2015-vlakke).

Uitvoere van **Peru** van 136 500 ton word voorspel om 7% meer as 2016 te wees - die grootste gedeelte is mandaryne teen 120 000 ton (7% hoër as 2016).

**Uruguay** verwag 'n jaarlikse groei van 4% in uitvoere - 111 100 ton. Lemoene se uitvoere styg met byna 8% tot 60 000 ton; terwyl suurlemoene (15 000), mandaryne (36 000) en pomelo's (100) se uitvoere soortgelyk aan 2016 se volumes is.

**Argentinië** (338 000 ton) voorspel 'n daling in uitvoere oor die hele spektrum. Suurlemoene (260 000 ton) verteenwoordig die grootste kategorie, 'n daling van 7% in vergelyking met 2016. Lemoene (45 000 ton) daal met 31% terwyl mandaryne (33 000 ton) daal met 33%. Algehele Argentynse sitrusuitvoere word voorspel om met 14% te daal.

**Australië** (219 500 ton) het aangedui dat hul oes laat is en syfers is nog voorlopig - hierdie voorlopige syfers toon 'n soortgelyke volume as in 2016.

**Chileense** (257 600 ton) uitvoere styg met 3,5%, gelei deur 'n toename van 13% in Mandaryn-uitvoere - 109 000 ton. Suurlemoen-uitvoere (72 000) sal na verwagting met 5% daal, terwyl lemoene se uitvoere (75 000) onveranderd bly.

**Suid-Afrika** (1,842 miljoen ton) verteenwoordig 63% van die suidelike halfrond se sitrusuitvoere en het dus 'n groot invloed op die geskatte volumes. Die invloed van Suid-Afrika is die grootste in die pomelo sektor (98% van uitvoere), maar is ook beduidend in lemoene (76% markaandeel). Soos hierbo genoem, sal die vrugval -verskynsel van nawels 'n impak op die uitvoervoorspelling hê (die nawelfokusgroep het hul voorspelling met 35 000 ton verminder - sien hieronder). Die oorspronklike skatting het 'n styging van 12% in lemoene getoon - dit sal nou na 8,5% verminder word. Suid-Afrika verteenwoordig 42% van die suidelike halfrond se suurlemoene - die 263 000 ton verteenwoordig 'n toename van 16% meer as 2016. Mandaryne is die mees mededingende sitrussektor; Suid-Afrika se bykans 200 000 ton verteenwoordig 36% van die suidelike halfrond se aanbod – dit is 8,5% meer as 2016 se uitvoervolumes.

## VERPAK EN VERSKEEP

Die nawel-fokusgroep het hul skatting met 2,4 miljoen kartonne aangepas as gevolg van die vrugval wat ondervind word - veral in die Oos-Kaap. By beide die onlangse Sagte Sitrus Fokusgroep en Pomelo Fokusgroep se vergaderings is alle produsente aangemoedig om streng by die CRI-riglyne vir verskeping na Europa te hou.

| Tot Einde Week 17 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | **Gepak** | Verskeep | **Verskeep** | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/Agrihub** | 2015 | 2016 | **2017** | 2016 | **2017** | 2017 | 2017 | 2016 |
| Pomelo's | 2.5 m | 1.7 m | **2.6 m** | 0.5 m | **0.9 m** | 15.6 m | 15.6 m | 13.2 m |
| Sagte Sitrus | 1.8 m | 2.4 m | **1.8 m** | 1.8 m | **1.4 m** | 13.2 m | 13.2 m | 12.2 m |
| Suurlemoene | 2.6 m | 3.8 m | **3.8 m** | 2.5 m | **2.9 m** | 17.5 m | 17.5 m | 15 m |
| Nawels | 0.2 m | 0.8 m | **0.4 m** | 0.8 m | **-** | 26.3 m | 23.9 m | 26.2 m |
| Valencias | - | - | **-** | - | **-** | 50.1 m | 50.1 m | 41.8 m |
| Totaal | 7.1 m | 8.7 m | **8.6 m** | 5.6 m | **5.2 m** | 122.7 m | 120.3 m | 108.8 m |